


Die Voortrekkers



WERKBOEK
vir
Penkoppe en Drawwertjies
in
Graad 5

Uitgegee deur:

Die Voortrekkers, Posbus 12542,
QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1996

Eerste hersiening, eerste druk 1999

Tweede hersiening, eerste druk 2002

Tweede uitgawe, eerste druk 2005

Tweede uitgawe, tweede druk 2006

Derde hersiening, eerste druk 2011

Vierde hersiening, eerste druk 2013

Vyfde hersiening, eerste druk 2017

ISBN 1-920124-02-0

INHOUD

EK AS MENS	5
1 Menswees	5
2 Spaarsin.....	9
3 Paraatheid	13
EK IN MY OMGEWING	15
1 Herwinning	15
2 Hantering van Gereedskap	17
3 Natuur en Omgewing.....	19
4 Kampering	27
5 Rigting en Skuilings	33
6 Fluitseine	35
EK AS VOORTREKKER.....	37
1 Die Voortrekkers – Die Gebied	37
2 Spesialisasies	41
3 Die Voortrekkerwapen	43
4 Seremonie-vaardighede	47
5 Voortrekkerkode.....	49
6 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel.....	51
7 Sang	53
8 Spele	55
EK AS AFRIKANER	57
1 Volkshelde.....	57
2 My Taal	59
EK AS LANDSBURGER	61
1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land.....	61

EK AS MENS

1 MENSWEES

1.1 INLEIDING

Die Here het die mens as die kroon van die skepping geskape. Elke mens leef tussen ander mense. Elkeen is 'n deel van 'n huisgesin en van 'n familie. Jy is ook lid van 'n Voortrekkerspan waar jy baie dinge saam met jou maats doen. Kyk altyd vir die mooi eienskappe in al die mense rondom jou.

1.2 KENNIS VAN MEKAAR

Skryf drie mooi eienskappe wat jy van elkeen in die span raaksien. Laat elkeen dit hardop vir die ander spanlede sê.

MY SPANMAATS	
NAAM	POSITIEWE EIENSKAPPE

1.3 KOM ONS ONDERSTEUN MEKAAR.

Skryf op 'n papiertjie 'n spanmaat se naam en agterop sê jy waaraan hy meer aandag kan gee (wees versigtig om mekaar nie seer te maak nie). Plaas almal se briefies in 'n houer. Jou offisier sal die briefies lees en in die span bespreek. Probeer om die raad wat jy van jou maats gekry het, na te kom.

Wat het ek vandag van myself geleer?

Plak die briefie wat jou offisier vir jou gee hier

Ons span se reëls moet iets van ons span sê. Die spanlede is verantwoordelik vir mekaar, nie net by die Voortrekkers nie, maar oral in die gemeenskap.

1.4 ONS SPAN SE REËLS IS:

.....

.....

.....

.....

.....



www.acartoons.com

2 SPAARSIN

2.1 TYDSBESTEDING

Elke mens ontvang 24 uur in 'n dag, 7 dae in 'n week en 12 maande in 'n jaar as geskenk van God. Hoe kry sommige dit dan reg om meer as ander gedoen te kry? Die antwoord is maklik - deur te beplan. Niks gebeur vanself nie.

Hoe bestee jy weekliks jou tyd?

Kleur een blokkie in vir elke uur wat jy aan 'n spesifieke aktiwiteit bestee.

Huiswerk										
Sport										
Voortrekkers										
Kerkaktiwiteite										
Tyd saammet die gesin										
Tyd aan myself										
Televisie kyk										

Maak nou afleidings om die volgende te voltooi:

Ek bestee te veel tyd aan


1

2

Ek bestee te min tyd aan

1

2



2.2 BEGROTING

Net soos met tyd, het elkeen van ons 'n bepaalde bedrag geld waarmee ons moet uitkom. Sommige mense word ryk en ander raak bankrot. Weereens kos dit goeie beplanning. As jy jou geldsake beplan, sê ons jy stel 'n begroting op.

'n Gebalanseerde begroting is een waar daar binne perke gebly word en waarin daar ook voorsiening vir onvoorsiene onkoste gemaak word.

Ek benodig geld vir die volgende:

Ek ontvang R sakgeld per maand.

BEGROTING VIR MAAND						
Datum	INKOMSTE			UITGAWES		
TOTAAL				TOTAAL		



2.3 WERKLIKE INKOMSTE EN UITGAWES


Teken daagliks aan wat jy spandeer en waarop.

Hou rekord van jou uitgawes. Dit moet 'n gewoonte word sodat jy deeglik kan beplan.

INKOMSTE EN UITGAWES VIR MAAND						
Datum	INKOMSTE			UITGAWES		
TOTAAL				TOTAAL		

Bespreek die volgende vrae:

- 1 Is jou inkomste meer of minder as die begroting?
- 2 Wat is die rede daarvoor?
- 3 Is jou uitgawes meer of minder as die begroting?
- 4 Wat is die rede daarvoor?
- 5 Wat gaan jy doen om jou begroting te laat klop?




2.4 BANKKAARTE



- 1 Bespreek die voordele en nadele van 'n bankkaart.
- 2 Bespreek die gevare van 'n bankkaart.

2.5 RENTE EN BELEGGINGS A


WAT IS RENTE? BESPREEK



B WAT IS 'N BELEGGING? BESPREEK



C NOEM 'N PAAR BANK NAME IN JOU DORP



3 PARAATHEID

3.1 GEESTELIKE EN FISIESE PARAATHEID

Daar is geestelike paraatheid en fisiese paraatheid. Jy is geestelik paraat as jou verhouding met God reg is en jy vertrou in jou eie vermoëns het, om die regte keuses te maak. (kop en hart besluit – jou gewete)

Jy is fisies paraat wanneer jy hoofsaaklik jou liggaam gebruik in noodsituasies. (kop en liggaam -fiksheid)

Besluit of die volgende situasies geeslike paraatheid of fisiese paraatheid is:

Merk by die blokkie:

Situasie	Geestelik	Fisies
'n By steek jou maat.		
Daar wys 'n fliek met 'n ouderdoms beperking van 16.		
Die veld naby die huis brand.		
Jou hele gesin slaap en jy word wakker van 'n inbreker in die huis.		
Jou beste maat is besig om in die eksamen af te skryf.		

**Jy moet geestelik paraat bly deur die Bybel te lees.
Jy moet fisies paraat bly deur genoeg oefening te doen.**

3.2 SELFBEELD

Om "staande" te bly onder alle omstandighede en om jouself te motiveer, moet jy 'n goeie selfbeeld en vertrou in jou eie vermoëns hê.

Kyk na jou briefie wat jy by 1.3 "kom ons ondersteun mekaar" ingeplak het.

Leer twee lesse daaruit.

- Verander wat verander kan word.
- Aanvaar dat daar dinge is wat jy nie kan verander nie.

Gebed Gebed

**Heer, leer my om die dinge te verander wat ek kan,
Leer my om die dinge wat ek nie kan verander nie, te
aanvaar Maar bo alles; skenk my die wysheid om die verskil**

3.3 SELF MOTIVERING

Ai, dit is lekker om te lewe, maar jy kan dit nog lekkerder maak. Kyk 'n slag om jou rond en sê dankie vir jou Vader in die hemel wat vir jou so baie voorregte gee. Maak 'n lys van alles waarvoor jy dankie kan sê en jy sal sien dat jy byna nie kan ophou nie.

Ek is 'n **wenner** omdat.....



Ek in myself glo.

Ek altyd probeer verbeter.

Ek my man kan staan.

Ek nie gou moedeloos word nie.

Ek nie na verkeerde raad luister nie.

Ek kan want ek wil.


EK IN MY OMGEWING

1 HERWINNING

Die houers en verpakings waarin ons kos koop en die koerante en tydskrifte wat ons lees is alles materiaal wat weer gebruik kan word. Om dit weer te gebruik word herwinning genoem.

Ons kan almal help met herwinning deur hierdie goed in die regte houers gooi as ons dit weggooi sodat dit maklik herverbruik kan word.

Ontsyfer die letters onder elke drom hieronder en skryf op elke drom wat herwin kan word.



pierap


alamet

slag

siekplat

As ons hierdie goed herverbruik:

- spaar ons geld;
- is daar minder besoedeling;
- beland minder daarvan in die natuur en die see waar diere daardeur skade kan ly;
- gebruik ons minder hulpbronne soos bome vir papier.




Gebruik van hierdie afvalprodukte om 'n nuttige artikel te maak.

2 HANTERING VAN GEREEDSKAP

Noem minstens 3 stukke “gereedschap” wat jy gebruik het om jou artikel te voltooi. Skryf neer watter gevaar elkeen kan inhou; en hoe jy dit versorg.


Artikel	Gereedschap	Gevaar	Versorging




Servetringe van
handdoekrol





Maak jou spanmaats
uit pypskoonmakers




Meubels van
vuurhoutjies





Blomme en tassels van wol.

1 Plak 'n foto van die artikel wat jy gemaak het hier.



3 NATUURENOMGEWING

Gen 1 : 28 -29. Toe het God hulle geseën en gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat oor die aarde kruip". Verder het God gesê: "Let op! Ek gee aan julle al die plante wat saad gee op die hele aarde; ook al die bome wat vrugte en saad gee." (1983 Vertaling)

3.1 WAARNEMING

- 1 Jou Voortrekker offisier sal vir jou 'n spesifieke area, in die natuur, aandui waar jy moet vasstel hoeveel verskillende plantsoorte daar is, en met watter bedrywighede die diertjies en insekte besig is.

Skryf jou waarneming hier neer.


Plantsoorte	Diere en voëls	Insekte

- 2 Gaan as span op 'n stad- of dorpsafari (gewapen met skryfgereedskap). Watter lewende plante en diere het julle waargeneem? Wat was vir jou interessant van 'n plant en 'n dier in hierdie beboude omgewing?

Plantsoorte	Diere en voëls	Insekte

3.2 EKOSTELSEL

Elementêre
ekostelsel



Ons moet verstaan hoe die natuur funksioneer sodat ons die vernietiging daarvan kan voorkom. Baie vorms van lewe is op die een of ander manier van mekaar afhanklik. Hierdie onderlinge verhoudings staan as 'n ekologiesestelsel of 'n voedselketting bekend.

3.3 WILD EN NATUURBEWARING


A BESPREEK WAT JY ONDER DIE WOORD BEWARING VERSTAAN.

B NASIONALE PARKE EN NATUURRESERVATE

Nasionale parke word deur die Nasionale Parkeraad beheer. In 'n Nasionale park of natuurreservaat word die diere en plante beskerm. Dit beteken die diere mag nie gejag word of die plante uitgehaal word nie.

Dui op die meegaande kaart aan waar minstens ses van ons Nasionale Parke geleë is. Gebruik 'n padatlas as hulpmiddel.

1	Namibië	7	Noord-Kaap
2	Limpopo	8	Vrystaat
3	Noord-Wes	9	Lesotho (Nie deel van RSA)
4	Gauteng	10	Kwazulu-Natal
5	Mpumalanga	11	Oos-Kaap
6	Swaziland (Nie deel van RSA)	12	Wes-Kaap



C DIERETUINE

Dieretuine bewaar en beskerm inheemse diersoorte, maar daar word ook diere uit ander wêrelddele bewaar. Dieretuine gee mense, wat nie 'n wildtuin kan besoek nie, die geleentheid om na die diere te gaan kyk.

D BOTANIESE TUINE

In botaniese tuine word inheemse plantegroei van 'n bepaalde gebied beskerm.

3.4 BESOEDELING

Menslike en natuurlike besoedeling kan voorkom.

A WAAR KOM BESOEDELING VANDAAN?

- Noem twee voorbeelde van natuurlike besoedeling.
- Noem twee voorbeelde van menslike besoedeling.

B DIE GEVARE VAN BESOEDELING

Bespreek die gevare van besoedeling.

C BERGING VAN HERWINNINGSMATERIAAL

Bespreek maniere om afvalprodukte in jou huis te sorteer, en waar in die omgewing is daar houers waarheen jy ou bottels, plastiek, aluminium of papier kan neem.



3.5 GEDRAGSKODE VIR DIE VELD

GEDRAGSKODE VIR DIE VELD

Ek sal probeer:

- 1 om die Voortrekkerkode elke dag uit te leef;
- 2 om die diere, voëls en insekte te beskerm, omdat God ook aan elkeen 'n plek gegee het;
- 3 om die plante te beskerm vir dié wat ná my kom, omdat plante die grond oordek en bewaar en die lewende wesens van die aarde voed;
- 4 om my werk in die veld so versigtig te doen, dat ek net neem wat ek nodig het en die res onverstoord en onbeskadig laat;
- 5 om my provinsie se natuurbewaringsdepartement te steun deur voor die tyd vas te stel of byvoorbeeld my keuse van versamelings toelaatbaar is (my offisier sal my hiermee help);
- 6 om geen afval in die veld, langs paaie of in damme of riviere te laat agterbly wat my mooi land kan besoedel nie (ek gaan ander mense ook aanmoedig om ons land skoon te hou);
- 7 om ander mense se eiendom só te respekteer, dat ék geen skade daaraan sal doen nie. (Op dié wyse verseker ek dat ons en ander Voortrekkers weer daar welkom sal wees. Voortrekkers laat net 'n *baie dankie* agter wanneer hulle vertrek!);
- 8 om die Kode: Vuurmaak in die veld goed te leer sodat ek dit kan toepas as ek saam met my offisier en span 'n vuur in die veld moet maak;
- 9 om elke geleentheid ter bewaring van ons bodem met liefde en blydschap te benut.

Lees Psalm 8 as afsluiting van hierdie ervaring.

3.6 LEWENSREDDING

'n Mens het voldoende suurstof nodig vir die opbou van die liggaamswaefels.

A NOODNOMMERS

1 Skryf die volgende belangrike telefoonnommers hier neer:

Noodnommer:

Plaaslike Polisiestasie:

Brandweer:

Provinsiale hospitaal:

Privaat hospitaal:

Huis Dokter:



B VERDRINKING

Bespreek die volgende:

- Hoe lank kan 'n persoon sonder suurstof wees voordat breinskade intree?
- ☐ Wat jy moet vermy om verdrinking te voorkom?
- ☐ Die behandeling van verdrinking.



C VERSMORING

Bespreek die volgende:

- ☐ Noem twee dinge wat vermy moet word omdat dit jou kan laat versmoor.
- ☐ Behandeling van versmoring.




D ONTRUIMING IN GEVAL VAN BRAND

Bespreek die volgende:

- ☐ Die ontruiming van 'n gebou.
- ☐ Die blus van 'n brand in 'n gebou.
- ☐ Die blus van brandende klere aan 'n persoon.
- ☐ Die behandeling van brandwonde.





E ELEKTRIESE SKOK

Bespreek die volgende:

- ☐ Die oorsake van elektriese skok.
- ☐ Die behandeling van elektriese skok.





F OEFEN JOU OPTREDE IN DIE VOLGENDE NOODGEVALLE MET ROLSPEL.


- ☐ Verdrinking
- ☐ Versmoring
- Ontruiming in die geval van 'n brand
- ☐ Elektriese skok

4 KAMPERING

By enige kamp moet ander in ag geneem word. Daarom is daar kampreëls vir kampdissipline. Neem ander in ag waar gemeenskaplike geriewe gebruik word. Respekteer ander se eiendom.


4.1 OPSLAAN, INRIG EN VERSORING VAN 'N TENT

- ☐ Slaan saam as span 'n tent op.
- ☐ Bespreek hoe die tent ingerig word.
- ☐ Bespreek die maak van kampgeriewe.
- Bespreek veiligheidsmaatreëls.
- ☐ Slaan saam die tent af en versorg.



4.2 KRUISVASWOEL

A 'N VOORBEELD VAN 'N KRUISVASWOEL




Hierdie is vir 'n hanggerief

B KRUISVASWOEL


Die Kruisvaswoel is baie handig by die maak van 'n verskeidenheid van kampgeriewe waarvan die mees algemeenste 'n hanggerief wat op 'n driepoot of aan 'n tentpaal gemaak kan word.

Omdat dit moeilik is om die vaswoel alleen te maak is dit wenslik dat die spanlede twee-twee saamwerk om dit aan te leer. Die vaswoel moet van die begin af teen 'n regopstaande paal geoefen word. As die spanlede dit baasgeraak het, kan 'n skaalmodel met dun stokkies en dunner tou gemaak word.

Begin met 'n Kniehalterslag.



Eindig met 'n Skuifknoop.



Volg die sketse en instruksies om 'n Kruisvaswoel te maak:

1. Maak 'n Kniehalterslag om die regop paal sodat punt **b** van die tou net lank genoeg is om die knoop met 'n Skuifknoop af te sluit.
2. Plaas die dwarsbalk op die Kniehalterslag teen die regop paal en laat 'n helper die punt **b** ewewydig aan die dwarsbalk vashou.
3. Trek punt **a** voor om die dwarsbalk, agter om die regop paal, weer voor om die dwarsbalk (nou aan die regterkant van die regop paal) en weereens agterom die regop paal. Die laaste slag om die regop paal moet so wees dat die tou onderkant die Kniehalterslag omgaan.
4. Trek die tou baie styf.
5. Herhaal stap drie. Sorg dat die tou aan die binnekant van die vorige slae om die dwarsbalk gaan, maar wel aan die bokant en onderkant van die vorige slae om die regoppaal.
6. Herhaal stap drie weer totdat daar minstens drie slae volledig is. Meer slae kan gemaak word, maar dit sal afhang van die dikte van die tou. Die derde skets toon hoe die vaswoel op hierdie stadium sal uitsien as vier slae voltooi is.
7. Trek nou punt **a** direk vorentoe. Die vierde skets toon hierdie stap van die kant af gesien.
8. Wurgslae word nou om die paalslae gemaak. Werk van voor na agter en sorg dat die slae mooi stewig langs mekaar lê. Nadat die eerste wurgslag voltooi is, sal ent **a** al vasgetrek wees en sal die paalslae nie meer kan losgip nie. Hierdie wurgslae moet so styf moontlik getrek word.
9. Minstens drie wurgslae aan die onderkant van die dwarsbalk is nodig. (Dit wil sê vier slae aan die bokant van die dwarslat). 5de skets.
10. Knoop punte **a** en **b** netjies met 'n Skuifknoop vas en steek die Skuifknoop agter die dwarslat weg. Werk die punte netjies weg deur dit tussen die slae om die paal in te wikkel.

Wenk: Dit is uiters belangrik dat die tou elke keer baie styf getrek moet word. As dit gedoen word kan 'n enkele Kruisvaswoel maklik die gewig van 'n groot man dra sonder om af te skuif.

4.3 DIE GASSTOFIE EN GASLAMP

- Bespreek vier veiligheidsmaatreëls by die gebruik van 'n gasstofie of gaslamp.




4.4 KAMPBENODIGHEDE

- Elke lid maak 'n lysie van die kampbenodigdhede vir die volgende kamp.

4.5 KAMPVUUR



- ☐ Bespreek die doel van 'n kampvuur.
- ☐ Bespreek die voorbereiding van 'n vuur.
- ☐ Bespreek die aanpak van 'n vuur.
- ☐ Bespreek die blus van 'n vuur.
- ☐ Maak modelle van twee verskillende soorte vure wat geskik is vir 'n kampvuur. Stal jou model saam met die ander spanlede s'n uit. Jy kan altwee die modelle op dieselfde plankie maak. Plak die houtjies met koue lym aanmekaar, anders val alles uitmekaar.




Jagtersvuur



Varkhokvuur



Die Kode van die Vuurmaak in die Veld



KODE: VUURMAAK IN DIE VELD

Ek moet weet:

- 1 dat daar wette gemaak is wat die bome, bosse, plante en diere van ons land beskerm en dat ek as Voortrekker hierdie wette moet nakom;
- 2 dat ons altyd eers toestemming moet verkry om op 'n terrein te kampeer of vuur te maak;
- 3 dat vure nooit in staatsbosse en op staatsgrond of in wildtuine of parke gemaak mag word nie behalwe op plekke wat daarvoor bedoel is;
- 4 dat bome nie afgekap of verniel mag word nie en net hout wat wettig beskikbaar is, gebruik moet word om vuur mee te maak;
- 5 dat 'n vuurtjie net op 'n oop stuk grond gemaak mag word waar daar nie gevaar van 'n veldbrand is nie (Soek 'n groot genoeg plek waar daar nie gras of ander plante groei nie, of skoffel 'n plek skoon);
- 6 dat 'n vuurtjie nooit onder bome gemaak mag word nie;
- 7 dat vuur nie gemaak moet word wanneer die wind sterk waai nie, omdat dit die vuur maklik kan laat versprei;
- 8 dat alle vure geblus moet wees wanneer die terrein verlaat word (Gebruik sand omdat dit die vuur makliker blus en brandgevaar voorkom. Ons moet ook die askol bedek sodat daar geen teken van vuurmaak sigbaar is nie);
- 9 dat 'n brandende vuurhoutjie of -voorwerp nie rondgegooi mag word nie;
- 10 dat Penkoppe en Drawwertjies in belang van die bewaring van ons veld, net een vuur per span kan maak (Dit moet onder toesig van die spanoffisier wees. Die offisier bly in beheer van die vuurhoutjies);
- 11 dat ek as Voortrekker my oë moet oophou en dadelik hulp moet inroep wanneer ek 'n vuur of veldbrand opmerk, en dat vure geblus moet word om onherstelbare skade te voorkom

4.6 KAMPVUURSEREMONIES EN KONSERT


- ☐ Bespreek hoekom word kampvuurseremonies gebruik.
- ☐ Beplan 'n kampvuurseremonie.
- ☐ Bepreek onvanpaste optredes by 'n kampvuurkonsert.
- ☐ Hou 'n kampvuurkonsert.

5 RIGTING EN SKUILINGS

5.1 EENVOUDIGE KOMPAS



ONTHOU

- Hou 'n kompas altyd waterpas
- ☐ Hou die kompas stil
- ☐ Hou die kompas weg van metaalvoorwerpe
- ☐ Moenie die kompas stamp of laat val nie



Wanneer jy die kompas, soos hierbo gesê word, vashou, sal die naald beweeg en dan tot stilstand kom. Die naald dui nou Noord aan. Draai nou die kompas totdat die N onder die naald se punt is. Draai nou jou lyf sodat jy ook Noord kyk. Agter jou is nou Suid, regs is Oos en links is Wes.

Jy kan ook sonder 'n kompas rigting bepaal deur van 'n horlosie met wysers, die son en die suiderkruis gebruik te maak.



5.2 VERDWAAL


Hoe om op te tree wanneer jy in die veld verdwaal.

1. Gaan staan stil, moenie paniekerig raak nie. Gaan sit liever om te kalmeer.
2. Neem die omgewing rondom jou deeglik waar.
3. Soek 'n landmerk soos byvoorbeeld 'n heuwel of rivier wat jy herken om daardeur jou posisie min of meer te bepaal.
4. Vind jy egter niks bekends nie, soek of bou 'n skuiling.
5. Soek hout en pak 'n groot vuur aan om aandag te trek.
6. Maak alles bymekaar wat jou kan help om te oorleef. Byvoorbeeld kosvoorraad en warmmaakgoed.
7. Bly op een plek, moenie ronddwaal nie. Onthou jy het verdwaal en ander sal jou kom soek. Bly dus in jou skuiling totdat hulp opdaag.


8. Vermyn hoogtes en hoë bome as die weerlig slaan, en laagtes en rivierlope as dit reën.
9. Om te voorkom om te verdwaal, let op die volgende punte:
 - Wees oplettend en neem waar. (Voortrekkerkode reël 9)
 - Moenie van die groep afdwaal nie.

5.3 SKUILINGS

Bou skuilings aan die hand van die sketse. Gebruik die Kruisvaswoel.



Maak bo en langs die kante dig met takke, blare of ander bekombare materiaal.



6 FLUITSEINE

Waar ons in Die Voortrekkers in groot groepe bymekaar is op 'n kamp word fluitseine dikwels gebruik om te kommunikeer.

Wanneer 'n fluitjie blaas moet jy los waarmee jy besig is, luister en dadelik op die fluitsein reageer.

Om die boodskap van die fluitsein te verstaan moet jy die verskillende fluitseine leer.

Gevaar: • _ _ • _ _ • _ _

Alles reg: • • (Als reg)

Kom bymekaar: • • • _ _ _ _

Spanleiers kom hier: • • • • _ _ _ _

Aandag: _ _ _ _ (Blaas eers aandag voor enige ander fluitseine gebruik word)




EK AS VOORTREKKER

1 DIE VOORTREKKERS – DIE GEBIED

Die Voortrekkers funksioneer in verskillende gebiede, elk met sy eie kenmerkende gebiedswaapen en eie gebiedsdagbestuur. Die dagbestuur bestaan uit 'n gebiedsleier en adjunkgebiedsleiers. Alle gebiede beskik nie oor dieselfde getal adjunkgebiedsleiers nie. Die getal word volgens die behoefte van elke gebied bepaal.


1.1 GEBIEDSDAGBESTUUR

Vul die besonderhede van jou gebiedsdagbestuur hier in:

RANG	NAAM	RANGKENTEKEN
Gebiedsleier		
Adjunkgebiedsleier (Administrasie)		
Adjunkgebiedsleier (Finansies)		
Adjunkgebiedsleier (Bemarking)		
Adjunkgebiedsleier (Volwasse Sake)		
Adjunkgebiedsleier (Verkenners)		
Adjunkgebiedsleier (Penkop Drawwertjies)		

1.2 GEBIEDSWAPENS

Kleur die wapen van jou gebied in. Gebruik die korrekte kleure.



- Identifiseer die monumente op elke gebied se wapen.
- Versamel inligting oor die monument op jou eie gebied se wapen. Bespreek dit in die span.

1.3 GESAGSAANVAARDING

Gesels as span saam en kyk of julle antwoorde op die volgende vrae kan vind.

1. Wat is gesag ?
2. Wat beteken gesagsaanvaarding ?
3. Wat sê die Bybel oor gesag en gesagsaanvaarding ?

Lees:


- Eksodus 20:12 (1983 Vertaling)
- Rom 13 verse 1 tot 7. (1983 Vertaling)
- Jy kan ook ander gedeeltes oor die onderwerp in die Bybel soek en lees.

4. Gebruik die leer om aan te dui hoe jou gesagstruktuur lyk.

Skryf jou naam op die lyn wat deur die leer loop.


Op die sporte bokant jou naam, skryf jy die name van mense wie se gesag jy moet aanvaar.

Op die sporte onder jou naam skryf jy die name van mense wat jou gesag moet aanvaar. (Let daarop dat almal help bou aan jou lewe.)





5. Onder watter omstandighede mag jy weier om gesag te aanvaar?


1.4 LEIERSKAP



1. Skryf 5 eienskappe wat jy in jou leier wil sien, hier neer.
2. Bespreek op watter terreine neem 'n graad 5 kind leiding?
3. Skryf twee eienskappe waaraan jy aandag moet gee.



4. Gebruik die bakstene in die muur en skryf een van jou sterkpunte in elke baksteen.



Gebruik soveel as moontlik bakstene. Jou spanmaats en offisier kan jou hiermee help.

2 SPESIALISASIES

2.1 ONS BEPLAN OM VANJAAR VAN DIE VOLGENDE SPESIALISASIES TE DOEN.

Ek as mens	Ek in my Omgewing	Ek as Voortrekker	Ek as Afrikaner	Ek as Landsburger
Handvaardigheid (B)	Varswaterdiere k(C)	Touwerk (C)	Delwerye (B)	Brandweer (A)
Onthaal (B)	Weerkennis (C)	Kampeerder (C)	Godsiens Gr 5 (B)	Fietskunde (A)
	Roeikuns (C)	Spanseremonies (B)	Boeresprot (B)	
	Ekosorg (C)		Plaaslewe (B)	
	Seediere (C)			

2.2 EK HET DIE VOLGENDE SPESIALISASIES DEEGLIK VOLTOOI EN HET KENTEKENS DAARVOOR ONTVANG.

Naam van Spesialisasie	Dit het gehandel oor:

3 DIE VOORTREKKERWAPEN


3.1 SAMESTELLING

Die Voortrekkerwapen is uit drie dele, elk met sy eie simboliek, saamgestel. Die kleure van die Voortrekkervlag word ook in die wapen gebruik. Die wapen is hier vir julle in drie dele uitmekaar gehaal maar mag nooit so gebruik word nie. Die wapen moet **ALTYD** in sy geheel gebruik word.

Die wiel

Die wiel is die voorwiel van 'n kakebeenwa en bind ons aan die Groot Trek. Dit dui op beweging en vooruitgang en help om die wa op koers te hou. *Die Voortrekkers* moet steeds vorentoe beweeg, ontwikkel en aanpassings maak.

Die tien speke van die wiel verteenwoordig ook die 10 reëls van die Voortrekkerkode.



Die fakkel

As 'n mens vir God werklik ken en liefhet, leef jy só dat ander kan sien dat jy 'n Christen is. Daardie manier van "leef" het die Voortrekkers van die Groot Trek met hulle saamgeneem toe hulle die onbekende in getrek het.

Aangesien hulle ook aan ander van God vertel het en opgetree het soos God wil hê, het hulle die *lig* ook aan ander gegee. In die Voortrekkerwapen word die *lig* deur die fakkel voorgestel.

'n Vlam versprei lig en daarom moet ons as Voortrekkers ook ons kennis en ons liefde vir God en ons land, na ander rondom ons versprei.


Vandag se Voortrekkers kan 'n verskil maak as ons bereid is om ons Christelike en Afrikaner lig te laatskyn.

Die leuse



Vir die Voortrekkers van die Groot Trek was die Bybel die belangrikste boek, want die Bybel het bepaal hoe hulle moes optree.

Vandag is die Bybel nog vir ons soos 'n kompas wat vir ons die rigting aandui. As jy die rigting volg wat 'n kompas aandui, sê ons jy hou koers.



In ons lewe het ons baie “kompasse” wat vir ons die pad aandui.
Byvoorbeeld:

1. Die Bybel en kerk	-	ons pad na die hemel
2. Ons ouers	-	ons pad na volledige menswees
3. Die skool	-	ons pad vir die lewe
4. Ons maats	-	ons pad met ons medemens
5. Die Voortrekkers	-	die pad van ons volk

As die “kompasse” vir ons die rigting gewys het, moet ons koers hou op die pad wat vir ons aangedui is sonder om af te draai, anders verloor ons die koers en kan ons heeltemal verdwaal.

BELANGRIK: Sorg dat die “kompas” wat jy volg gereeld aan die ware kompas getoets word - **JESUS**

Bespreek die vrae oor die Voortrekkerwapen.

1. By watter Voortrekkersimbool gebruik ons ook die Voortrekkervlag se kleure?
2. Wie het die Voortrekkerwapen soos ons dit ken, voorgestel?
3. Wat beteken die fakkel op die wapen?
4. Waarop is die leuse?
5. Watter deel van die wapen laat ons aan die Groot Trek dink?
6. Wie het die Voortrekkers se leuse voorgestel?
7. Hoeveel woorde staan op die lint?
8. Hoeveel speke het die voorwiel van die kakebeenwa?
9. Hoeveel speke het die agterwiel van die kakebeenwa?

GEBRUIKE VAN DIE VOORTREKKERWAPEN

1. Die Voortrekkerwapen mag as versiering op gebruiksartikels aangebring word solank die wapen nie onteer word nie.
2. Die wapen word heel bo op die linkerkant van die erkenningsbaadjie gedra.
3. Die wapen word op alle Voortrekkerliteratuur gebruik.
4. Die wapen word op Voortrekkersertifikate gebruik.
5. Groot wapens kan ook as versiering by Voortrekkerfunksies gebruik word.
6. Die volle wapen moet altyd as 'n eenheid gebruik word.

3.2 SEREMONIE

Beplan saam met julle offisier 'n seremonie, soos vir 'n kampvuurkonsert of inlywing, wat die simbole van die Voortrekkerwapen uitbeeld en bied dit by 'n gepaste geleentheid aan.

4 SEREMONIE-VAARDIGHEDE

VLAGDRAERS				
Vlaghysing			Vlagstryking	
Bevel	Houding en Reaksie		Bevel	Houding en Reaksie
	Al vier staan op aandag . Dogter dra die vlag op albei hande. Blokkie in regterhand.			Al vier staan op die plek rus.
Vlagdraers na die pale voorwaarts mars.	Stap met die linkervoet af en halt een tree voor die pale. Seun direk voor die paal en dogter links van hom.		Vlagdraers aandag. Na die pale voorwaarts mars.	Kom op aandag. Stap met die linkervoet af en halt een tree voor die pale. Seun direk voor die paal en dogter links van hom. Al vier salueer.
Maak gereed om die vlæ te hys.	Al vier tree een tree vorentoe, seun maak toue om die paal los, dogter hou vlag op sodat seun dit kan vasmaak vir hysing. Hy trek die opgerolde vlag tot ooghoogte en wag vir die volgende bevel.		Maak gereed om die vlæ te stryk.	Al vier gee 'n tree vorentoe. Die seun maak die vlagtou om die paal los. Hy staan stil sodra die taak voltooi is en wag vir die volgende bevel.
Hys die vlæ.	Die seuns trek die vlæ aan die hystoue op tot bo en wag vir die volgende bevel. Die Nasionale vlag altyd effens hoër as die ander vlag.		Stryk die vlæ	Die seuns laat die vlæ egalig sak sodat dit onder sal wees wanneer die sang klaar is. Die Nasionale vlag altyd effens hoër as die ander vlag.
Ontplooï die vlæ.	Die seun trek aan die tou en die vlag gaan oop. Hy wag totdat klaar gesing is en maak die tou om die paal vas. Wanneer albei die pare gereed is, tree hulle gelyk een tree terug, salueer en wag vir die volgende bevel.			Die meisie ontvang die vlag voordat dit aan die grond raak. Sy hou al vier punte vas terwyl die seun die toue om die paal vasmaak. Seun en dogter draai na mekaar om die vlag op te vou. Volg nou die stappe soos by "opvou van vlæ" in die offisier se boek.

Vlagdraers omkeer.	Die vier maak saam 'n omkeer sodat hulle na die Voortrekkers kyk en wag vir die volgende bevel.		Vlagdraers omkeer	Die vier maak saam 'n omkeer sodat hulle na die Voortrekkers kyk en wag vir die volgende bevel.
Sluit aan by die Voortrekkers voorwaarts mars.	Die 4 stap in gelid na hul posisie agter die offisiere. Halt gelyk, maak 'n omkeer om weer na die pale te kyk en neem die posisie van die res van die Voortrekkers aan. (gewoonlik op die plek rus)		Sluit aan by die Voortrekkers voorwaarts mars.	Die 4 stap in gelid na hul posisie agter die offisiere. Halt gelyk, maak 'n omkeer om weer na die pale te kyk en bly op aandag aangesien hulle die vlae het.


5 VOORTREKKERKODE

Sodra julle 'n afdeling van die jaar se werk afgehandel het, besluit jy saam met jou spanmaats en offisier watter reël of reëls van die kode julle nagekom het met die betrokke werk.

Inhoud van werkboek	No	Reël uitgeskryf
Menswees		
Spaarsin		
Hantering van gereedskap		
Natuur en omgewing		
Lewensredding		
Kampering		
Rigting		
Die Voortrekkers - Die Gebied		
Die Voortrekkerwapen		
Seremonievaardighede		
Voortrekkerkode		
Voortrekkerdrag en Kleurstelsel		
Sang		
Spele		
Volkshelde		
Geskiedenis van ons volk en land		

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker se word is sy eer.
3. 'n Voortrekker is gehoorsaam.
4. 'n Voortrekker leef met respek.
5. 'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.
6. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.
7. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensbaar.

6 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL



Laat 10mm tussen kentekens

Wanneer jy 'n voorjuk en 'n jukskei dra, skuif die jukskei na die sy naat se kant toe sodat die twee kentekens langs mekaar 10mm bokant die graadwiele kom.

Die volgende kan jou help om die kleure makliker te onthou:

Oranje – Grond

Groen – Gras


Blou – Hemel

Rooi – Son

Silwer – Wolke

Goud – Goue rand om die silwer wolke


Voorjuk



Aan die einde van dié jaar kan jy nog twee kentekens kry om op jou erkenningsbaadjie te werk.

1. Vir getrouediens:


- 'n Oranje skei indien dit jou eerste jaar as Voortrekker is.
- 'n Groen skei indien dit jou tweede jaar as Voortrekker is.
- 'n Blou skei indien dit jou derde jaar as Voortrekker is.
- 'n Rooi skei indien dit jou vierde jaar as Voortrekker is.
- 'n Oranje voorjuk indien dit jou vyfde jaar as Voortrekker is.
- 'n Oranje voorjuk en 'n oranje skei indien dit jou sesde jaar as Voortrekker is.
- Vir elke verdere jaar 'n skei van die toepaslike kleur om saam met jou voorjuk te dra.



Oranje	Groen	Blou	Rooi	Silwer	Goud
--------	-------	------	------	--------	------

2. Bepaal volgens die kleurstelsel hier bo watter kleur skei/juk jy sal dra wanneer jy:

- Sewe jaar diens het. _____
- Nege jaar diens het. _____
- Tien jaar diens het. _____
- Agt jaar diens het. _____
- Elf jaar diens het. _____



3. Vir die voltooiing van jou graadwielwerk.

Hierdie jaar kry jy 'n **Silwer** graadwiel om te wys dat jy die graadwielwerk vir Graad 5 afgehandel het.

7 SANG

Leer ten minste een liedjies uit elk van die volgende groepe aan.

- Vaderlandslied
- Godsdienslied
- Voortrekkerlied
- Volkslied
- Aksielied

Skryf die liedjies se name neer wat julle aangeleer het.



8 SPELE

Maak en speel **minstens drie** speletjies om julle Voortrekkerwerk van die jaar maklik te kan doen en onthou.

Hier is 'n paar voorbeelde. Maak die nodige aanpassings om by julle werk te pas.

Slangetjies en leertjies met vrae oor die werk	Skattejag met vrae by 'n paar punte
"Snap" met vrae en antwoorde om bymekaar te pas.	Vroteier met 'n vraag op die briefie.
Knoopkrieket	



EK AS AFRIKANER

1 VOLKSHELDE

1.1 DEFINISIE:


‘n Persoon wat deur sy leefwyse, optrede en prestasies deur die hele volk geëer word.

1.2 VOLKSHELDE

Soek die name van bekende volkshelde wat in blok A hieronder versteek is. Skryf elke naam teenoor die gebeurtenis in blok B waarvan hy deel was.

A								
M	A	R	T	H	I	N	U	S
O	O	S	T	H	U	I	Z	E
N	P	A	U	L	K	R	U	G
E	R	D	A	N	I	E	T	H
E	R	O	N	L	O	U	W	W
E	P	E	N	E	R	D	I	R
K	I	E	U	Y	S	S	A	R
E	L	C	I	L	L	I	E	R
S	G	I	D	E	O	N	S	C
H	E	E	P	E	R	S	C	R
D	E	W	E	T	J	M	G	Y

B	
GEBEURTENIS	HELD
Jaag deur Zoeloe-impis met voorraad ammunisie	
Aflegging van Gelofte 16 Desember	
Vryheidsoorloë	
Basoetoe-oorloë	
Verkenner by uitnemendheid	
Sterf voor ‘n vuurpeleton	
Sy perd se naam was Fleur	

		
Groot Trek	Louw Wepener	Oorlog
		
Gideon Scheepers	Marthinus Oosthuizen	CR de Wet
		
Sarel Cilliers	Danie Theron	Paul Kruger

2 MY TAAL

Ons taal, Afrikaans, is nie sommer net van oorsee af gebring nie. Dit is van die min tale in die wêreld wat ontstaan het tussen die mense wat dit gebruik het. Die taal het deur die jare gegroei sodat ons vandag alles kan verwoord wat ons wil sê, sing of speel.

Ons gee vanjaar aandag aan spreekwoorde in ons taal.

‘n Spreekwoord is:

- Kort gesegde wat
- welbekend is en
- waarin ‘n algemene waarheid of
- lewenswaarhede uitgedruk word.

Hier volg ‘n paar voorbeelde. Kyk of jy nog kan kry want dit is lekker om spreekwoorde te gebruik wanneer jy praat of skryf.

1. Kort gesegdes:

Duimgooi	Om te ryloop
Op eie pote staan	Selfstandig wees
Pootuit wees	Baie moeg wees

2. Welbekende waarhede:

Dis nie aldag kersfees nie.	Dit sal nie altyd so goed gaan nie.
Gou op jou perdjie wees.	Gou kwaad word.
Die pot aan die kook hou.	Sorg dat daar altyd iets te ete is.

3. Algemene waarhede:


‘n Ketting is so sterk soos dieswakste skakel.	Die swakste persoon in die groep bepaal die sukses van die groep.
Soos ‘n rooi lap voor ‘n bul.	Iets wat die persoon baie kwaad maak.
Hoe later hoe kwater.	Hoe langer iets aanhou hoe meer roekeloos word dit.

4. Lewenswaarhede:

Varke skuur hulle modder teen pilare af.	Slegte mense beïnvloed altyd die ander rondom hulle.
Wie ander vervolg staan self ook nie stil nie.	Elkeen wat met ander wil kompeteer, moet self hard oefen.
Mens kan nie yster met jou hande breek nie.	Jy kan nie die onmoontlike doen nie.

5. Bybelwaarhede:

Ongelowige Tomas.	Iemand wat eers bewyse wil sien voor hy iets glo.
Job se geduld.	Om nie moed te verloor nie, al gaan dit baie sleg.
Die weduwee se kruik.	Hou nie op gee nie.



EK AS LANDSBURGER

1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND

Ontdekking van goud en diamante

1. Skryf die persone se name op die gepaste spasies in.

Cecil John Rhodes	Dr Atherstone
Struben broers	George Harrison
P.J. Marais	John O'Reilly

Hy was beskou as die persoon wat die rykste goudveld in die wêreld ontdek het : _____

Hulle het goud op die plaas Braamfontein ontdek:

Hy wou Brittanje se mag in Suid-Afrika uitbrei:

Hy het bevestig dat die kristalle wel diamante is:

Hy was 'n smous en 'n transportryer:

Hy was die eerste amptelike goudsoeker in Transvaal


2. Die name van die eerste twee groot diamante.

Naam: _____

Karaat _____

Naam: _____

Karaat _____



3. Beantwoord die volgende vrae.

- Waarmee het Schalk van Niekerk die Griekwa skaapwagter vir sy diamant betaal?

- In watter rivier het Marais in 1853 goud gevind?

- Na wie is Kimberley vernoem? _____

- Hoeveel ton grond is by die Groot Gat verskuif? _____

4. Voltooi die volgende blokkiesraaisel.

	1		2						5			
											6	
7												
						3						
4+8												
		9										

AF

1. In watter rivier is spoeldiamante gevind?
2. Dit was Alec Patterson se bynaam.
3. Hoeveel miljoen rand se goud is by Pelgrimsrus uitgehaal?
4. Hy was die man wat as straf, omdat hy dronk was, op 'n koppie moes gaan delf vir diamante.
5. Dit was een van die mynkampe waar Johannesburg vandag is.
6. Hulle het stemreg geëis.

DWARS

7. Op die plaas is diamante ontdek?
8. Dit was eers Kimberley se naam.
9. Die museum dorpie in Johannesburg.



5. Bespreek die eienskappe van diamante en skryf 'n eienskap op elke faset van die diamant hierbo.

Die Cullinan diamant


Dit is die grootste diamant wat tot vandag toe nog in die wêreld ontdek is.

Dit is in Suid-Afrika uitgehaal by die Premier myn by Cullinan op 26 Januarie 1905.

Dit was so groot soos 'n man se vuus.

Die diamant is later opgesny in 9 groot stene en 96 klein steentjies.

Vandag is die Cullinan deel van die kroonjuwele van die koningshuis van Brittanje.



Die 9 groot stene van die Cullinan diamant voor en na dit geslyp is.